




QUALITY ASSURANCE

Branding, inspection, technology
and breed standards all serve as
tools to ensure that our clients
and breeders get and breed with
only the best!

HOE WORD JY 'N Braunvieh Stoetteler

Saamgestel deur Dr. Daleen Roos

Word 'n lid

- Sluit aan deur die Lidmaatskap vorm van ons webtuiste af te laai - www.braunviehsa.co.za/p12/the-society/braunvieh-membership-application.html
- Kontak die kantoor by 051-4100957 of epos ons by braunviehsa@studbook.co.za

Bekom Braunviehs

- Moenie aankoop by telers wat nie onder die Braunvieh SA Genootskap geregistreer is nie. Bel gerus die kantoor om seker te maak dat voornemende verkopers die ware Jakob is.
- Kontak enige Braunvieh Keurder en maak seker dat diere wel reeds gekeur is voordat jy diere koop. Braunvieh bulle moet gebrand wees met die !
- Doen ook self deeglike navorsing - vind uit wat die mark wil hê en neem ingeligte besluite

Kuddebesoek

- Indien sommige aangekoopte diere nie SP diere is nie, moet 'n keurder die diere kom keur voordat hulle as basisdiere vir stoetteling gebruik kan word. Let ook op dat diere 18 maande en ouer geskik is vir keuring.
- 'n Keurdersbesoek is buitendien belangrik - dis persone wat baie kundig is en goeie advies kan gee oor kuddebestuur, seleksie, boekhouding en stoetteling. Gebruik die kans ook sommer om deel te word van die Braunvieh familie!
- Maak seker dat al jou diere voor die besoek reeds getattoeër is, oorplaatjies met duidelike nommers of name in het, en gebrandmerk is volgens die vereiste van SA.

Administrasie na die besoek

- Tydens die kuddebesoek sal sekere diere goedgekeur word, of is reeds geregistreer.
- Die keurder sal die lys met nuutgekeurde diere instuur aan die kantoor, wat dan al die diere op die Logix stelsel sal laai onder jou stoetnaam.
- Jy sal ook 'n harde kopie ontvang, gaan dit na en enige regstellings kan via die keurder aan die kantoor gestuur word.

Logix

- Logix is die sagteware program wat gratis beskikbaar is aan alle lede van SA Stamboek. As jy 'n Braunvieh Stoetteler is, is jy outomaties ook lid van SA Stamboek. Ander plaas sagteware kan ook gebruik word vir die inlees van data, maar moet op eie koste aangekoop word.
- Raak bekend met Logix - gaan op SA Stamboek se webtuiste en volg die LOGIX skakel. Volg die stappe en skep 'n gebruikersnaam en wagwoord.

Data

- Die instuur van sekere data is verpligtend. Hoe meer data jy instuur van jou kudde, hoe meer betroubaar is jou resultate.
- 'n Goeie skaal is 'n belangrike belegging, omdat die volgende gewigte verpligtend is: Geboortegewig, Speengewig, 12-, 18-maande en volwasse gewigte is tans nog nie verpligtend nie, maar word sterk aanbeveel.
- Weeglyste kan vanaf die kantoor aangevra word, of direk op Logix ingesleutel word.

Jaarprogram

- Deur nuusbriewe te lees, gereelde e-posse van die kantoor na te gaan en die webblad te besoek, sal jy op hoogte bly van al die Braunvieh aktiwiteite: skoue, veilings, boeredae, kursusse, uistallings en nog baie meer!
- Neem deel aan die aktiwiteite en word deel van die Braunvieh mense.

Geniet jou diere

- Iemand het tereg gesê: "Money can't buy happiness, but it can buy cows - and that is kind of the same thing!". Geniet die pragtige ras en deel in ons passie!



BRANDING

Die belangrikste punte is saamgevat in die “Standaard van voortreflikheid t.o.v. die Braunvieh SA”. Waar van toepassing, sal die paragraaf nommer as verwysing bygevoeg word.



Die “standaarde van voortreflikheid” geld te alle tye, maar om kopers te beskerm teen bulle wat onder standaard is, is ‘branding’ ingestel. Geen bulle onder 18 maande mag gekeur en gebrand word nie.

Keurders moet dus op die volgende punte klem lê, tydens keuring:

1. **Kop:** manlikheid is n definitiewe vereiste... (1.1)
2. **Nek:** korterig, met sterk en goed gespierde manlike skof... (3.1)
3. **Skouers en borsvloer:** spier- en ligametaanhegtings van skouers tot bors, moet stewig en ferm wees. Die borsvloer moenie toeknyp tussen voorbene nie. Pasop vir prominente skouerknoppe... (4)
4. **Middelstuk:** Ribbekas moet lank, breed en diep wees, met goeie buikkapasiteit (sprong van rib)... (5)
5. **Rug en lende:** moet lank en breed en sterk wees; wegval agter die blaaië, is ongewens; dis ‘n teken van ‘n tekort aan bespierung... (6.1)
6. **Kruis en stertwortel:** bespierung moet deur die rug tot op die kruis sigbaar wees. Sterk in die lende, is van groot belang... (7.1) Die stertwortel mag nie te prominent wees nie (bobbejaanstert); dit is sterk oorerflik.
7. **Dye:** Goed gespierd, dik, vol en diep, op die buite-, sowel as binnedye... (8.1). Daar moet gewaak word teen droë en dubbele bespierung. ‘n Teken van droë bespierung, is n silindriese bul, sonder buikkapasiteit.
8. **Hakke:** daar moet gediskrimineer word teen ‘regophakke’, ‘sekelhakke’ en koeihakkigheid.
9. **Bene:** Baie lank of te kort op die been, is ongewens... (14.3)
10. **Skede:** die hoek moet nie 45° oorskry nie. Die naelvel moet nie vlesig wees nie, die bul moet die skede goed kan beheer en nie ‘n prolaps wys nie. Die skede moet nie laer as die haklyn wees nie.
11. **Skrotumomvang:** bulle 18 – 24 maande moet n minimum van 32cm en bulle 24 maande en ouer – ‘n minimum van 33cm, in die middel gemeet, met die maatband redelik styf (AJV 2014).
12. **Speenindeks:** ‘n Bul moet ‘n minimum speenindeks van 90 hê, om te kwalifiseer vir ‘branding.’



HOW TO BECOME A Braunvieh Stud Breeder

Compiled by Dr. Daleen Roos

Become a member

- Join by filling out a Membership application form that can be obtained from our website - www.braunviehsa.co.za/p12/the-society/braunvieh-membership-application.html
- Contact our office at 051-4100957 or send us an email at braunviehsa@studbook.co.za

Buy Braunviehs

- Do not buy from breeders that are not registered under the Braunvieh SA Society. Give our office a call to make sure that you buy from a reputable breeder!
- Contact any Braunvieh inspector to make sure that you buy good quality animals. Braunvieh bulls must have a  brand if they are inspected and found to be good enough to be sold under the protection of the Society.
- Also do some thorough research yourself to familiarise you with breed standards and what the current markets want.

Herd visit

- If some bought in animals are not SP animals, an inspector must come and inspect these animals to be able to register them as Appendix A animals. Also note that animals of 18 months and older are to be inspected.
- A visit from an inspector is an important tool to use as a kickstart - much knowledge can be gained about herd management, selection, bookkeeping and studbreeding. This visit will also be a first opportunity to become a part of the Braunvieh family!
- Make sure that all your animals are being tattooed, eartagged with clear numbers or names on it and branded according to law before the day of inspection.

Administration after the visit

- During the herd visit some animals will be added to your registered animals, as well as the animals that are already stud animals.
- The inspector will send in the list with new animals, and these animals will be loaded onto your Logix profile under your studname.
- You will also receive a hard copy which you need to check; should any adjustments be made, the inspector and the office should be notified.

Logix

- Logix is the software programme that is available free of charge for SA Studbook members. If you are a Braunvieh Breeder, you are also part of SA Studbook. If you wish to use other software to send in data, it can be used, but you will have to fund it yourself.
- Familiarise yourself with Logix - go to the SA Studbook website and follow the LOGIX link. Follow the steps to create your own username and password.

Data

- You are obligated to send in some data. The more data you submit for your herd, the more reliable are your results.
- A proper scale is an important investment, because the following weights are not negotiable: Birth weight, weaning weight. 12 and 18 month weights are still optional, as well as adult weights - but it is advisable to send in as much as possible.
- Weight lists can be acquired from the office or it can be directly typed in on Logix.

Year programme



- By reading newsletters, checking your emails from the office regularly and by visiting the webpage, you will stay up to date with all Braunvieh activities: shows, auctions, farmers' days, courses, exhibitions and much more!
- Take part in these events and become a member of the Braunvieh family.

Enjoy your animals

- Somebody said, "Money can't buy happiness, but it can buy cows - and that is kind of the same thing!". Enjoy this beautiful breed and share our passion!



BOUVORM Handleiding



Slaag jou bulle (en koeie) die toets

Dr. Hanri Bester-Cloete



Voordat 'n bees verkoop word, hetsy op 'n veiling of uit die hand uit, is daar sekere toetse wat gedoen moet word. Dit is nie net voordelig vir die koper nie, maar ook vir die verkoper om sy reputasie as 'n betroubare teler te beskerm.

BULLE:

Wanneer bulle getoets word is daar verskeie toetse wat noodsaaklik is. Die belangrikste hiervan is vrugbaarheid en geslagsiektes. Ander toetse wat deesdae al hoe meer vereis word, sluit in brusellose (*Brucella abortus*), tuberkulose en soms entings wat deur die veearts gedoen word.

GESLAGSGESKIKTHEID:

Alhoewel die toets algemeen as vrugbaarheid bekend staan, is geslagsgeskiktheid 'n meer gepaste term. Met hierdie toets kan die veearts die kwaliteit van semen bepaal asook die fisiese toestand van die testes en ander geslagskliere.

Eerstens word die bul met 'n elektro-ejakulator gestimuleer en die semen word opgevang.

Die semen word onmiddellik geëvalueer vir kleur, dikte en massa beweging. Daar word ook 'n smeer gemaak, wat gekleur word om later 'n telling en evaluasie van individuele sperme te doen. Die aantal normale, lewendige sperme word getel en as 'n persentasie met normale morfologie weergegee. Gewoonlik sal die veearts ná die sperm-evaluasie, die bulle in klasse plaas op grond van die uitslag. Bulle wat op veilings verkoop word, moet byvoorbeeld 'n minimum lewendige, normale sperme van 75% hê. Sommige bulle kan vir natuurlike dekkings gebruik word, maar is nie geskik vir veilingsdoeleindes nie, terwyl ander agt weke later hertoets moet word. Die waarde lê hierin dat 'n ingeligte besluit oor die toekoms van elke bul op die plaas geneem kan word.



Foto 1: Die bul word met 'n elektro-ejakulator gestimuleer en semen word opgevang.



Foto 2: 'n Semen smeer soos gesien deur 'n mikroskoop. Eenhonderd sperme word getel en die persentasie normale sperme word op die verslag weergegee. (Foto: Elise Brits, Vrede Dierelaboratorium).



Daarna word die testes geëvalueer vir omvang (gemeet in sentimeter) en dan ook enige knoppe, verdikkings of atrofie. Die inwendige geslagsklere word ook rektaal ondersoek om seker te maak dat alles normaal is.

Indien 'n probleem vermoed word, kan daar ook verdere dekkingbeheindigheid toetse en 'n libido telling gedoen word.

GESLAGSIEKTES:

Volgende word 'n skedewas of skedeskraap gedoen. Weefsel aan die binnekant van die skede word versamel en in 'n transport medium geplaas om na die praktyk of 'n laboratorium vervoer te word. Hier word dit vir 6 dae gekweek om te toets vir *Tritrichomonas* en *Campylobacter* (voorheen *Vibriose*).

'n Nuwe PCR metode wat uitslae vinniger kan oplewer is besig om ook gewild te word, omdat monsters nie gekweek hoef te word nie. Na my mening is hierdie die heel belangrikste toets om te doen, aangesien dit finansiële die grootste negatiewe impak op 'n kudde kan hê. *Tritrichomonas* vermeerder en bly in die bul se skede en word na koeie oorgedra elke keer wat hy hulle dek. Ander bulle wat die koeie dek kan dan ook aansteek. Die infeksie veroorsaak vroeë abortsies en resorpsies. Wat 'n mens tipies sal sien, is dat koeie in ongereelde siklusse op hitte kom (tipies langer as 21 dae). Of dikwels teen die tyd wat dragtigheid gedoen word, kom die boer net agter dat die dragtigheids -persentasie drasties vanaf die vorige jaar afgeneem het. Teen hierdie tyd is daar alreeds 'n vermindering in die kalweroes wat die volgende jaar verwag word. *Campylobacter fetus venerealis* is 'n bakteriese siekte wat ook abortsies kan veroorsaak, dikwels tussen 5 en 8 maande van dragtigheid, maar soms ook resorpsies op 'n vroeë stadium. Diere kan egter teen hierdie siekte geënt word, en dikwels word entings eerder as die toets self gedoen.

ANDER:

Ander toetse wat vir veilings vereis word sluit in Brusellose wat in 'n bloedmonster getoets word en Beestuberkulose wat deur die veltoets gedoen word. Beide is aanmeldbare siektes en die staat vereis dat dit getoets word. Entings wat deur kopers/veilings vereis word, kan ook deur die veearts toegedien en so op die sertifikaat aangebly word.

VROULIKE DIERE:

Koeie of verse wat verkoop word, moet verkieslik ook deur 'n veearts ondersoek word, voordat hulle verkoop word. Indien hulle as dragtige diere aangebly word, moet dragtigheid deur 'n veearts gesertifiseer word. Diere moet ook vir Brusellose getoets word.

Uit die bogenoemde feite is dit duidelik dat 'n mens nie geld wil spandeer aan 'n bul en dan later besef dat hy nie kalwers kan verwek nie, of erger, dat hy 'n siekte in jou kudde versprei het nie. Dit is dus die verkoper se verantwoordelikheid om slegs diere te koop aan te bied wat behoorlik deur 'n veearts getoets is. Daar lê egter ook 'n verantwoordelikheid by die koper, om nie diere aan te koop as hul nie deur 'n veearts-sertifikaat vergesel word nie.

KAN JY DIT BEKOSTIG OM NIE TE TOETS NIE?

- Veronderstel jy het 50 koeie by 2 bulle tydens die dekseisoen, en die dominante bul het 'n probleem met vrugbaarheid.
- Kom ons aanvaar jou kudde se kalpersentasie is gewoonlik 90%, en met die probleem val dit na 60%. Jy kry dus 15 kalwers minder vir daardie seisoen.
- Met 'n speenkalfprys van R19/kg en 'n speengewig van 200kg verloor jy R3800 per kalf.
- Dit is 'n totaal R57 000 in hierdie een trop!

So, hoe waardevol is geslagsgeskiktheid vir jou?

Kom ons vat dit verder: veronderstel die bul met die probleem het *Tritrichomonas*. Dan moet die bul se waarde ook by die verlies getel word wat maklik 'n verdere R20 000 kan wees plus die ander bulle wat moontlik aangesteek is (teen 'n verdere R20 000 per bul.) Nou weer die vraag: Kan jy dit bekostig om nie te toets nie?

Minimum vereistes vir Braunvieh bulle:

Morfologie van sperme:	75%
Skrotum omvang:	36cm
<i>Tritrichomonas</i> :	Negatief





Christopher Braunvieh
P.O. Box 8, Petrusville, 8770

S: 082 821 1527
E: christopher@cdhfarm.co.za

CDH Brand of Excellence!

CDH Polled Genetics



CHRISTOPHER BRAUNVIEH • I believe that in the cattle world today, you must be a leader and not a follower. Having studied the Polled factor in most modern Breeds today, I decided to develop a Polled Herd of Braunvieh. Semen was imported from the well known Polled bull Silverado, which enabled me to start on the right foundation. This semen was used on registered Polled cows. Embryos were also flushed. Our aim is to produce a well muscled bull which can take the Braunvieh breed to new heights.



Die gebruik van PELVIMETRIE

as seleksiemetode vir kalwingsgemak in verse

Prof Dietmar Holm BVSc, MSc(VetSci), PhD
Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria
dietmar.holm@up.ac.za

Vrugbaarheid kan gedefinieer word as die vermoë om te reproduseer. Alhoewel algehele onvrugbaarheid selde onder beeste voorkom, het relatief swakker of beter vermoë om te reproduseer 'n groot effek of die effektiwiteit van vleisbees produksiesisteme. Alhoewel die ekonomiese effekte van reproduksie eienskappe tot 10 maal groter is as die van produksie eienskappe, het dit relatief laer oorerflikheid wat tot gevolg het dat baie boere hulle seleksie doelwitte eerder op produksie eienskappe instel, waar vinniger genetiese vordering gemaak kan word.

Kalwingsprobleme (distokie) is 'n algemene oorsaak van reproduksieverliese, veral in verse, en word hoofsaaklik veroorsaak deur kallers met 'n hoë geboortegewig, bulkallers, en verse waarvan die pelvis area (PA) te klein is. Rasverskille in die voorkoms van distokie word toegeskryf aan verskille in die geboortegewig relatief tot die gewig van die vers, pelvis vorm en groot variasie in pelvis grootte in sekere rasse. Geen eksterne pelvis afmetings is goed genoeg gekorreleer met die interne grootte van die pelvis om gebruik te word om verse met 'n risiko vir distokie te identifiseer nie.

Faktore wat die geboortegewig van die kalf beïnvloed kan soos volg opgesom word: Vaar en moeder genetiese effekte is soortgelyk in grootte, en dra die meeste by tot die geboortegewig van die kalf, met oorerflikheid van ongeveer 0.45. Ras effek is groter as variasie binne die ras, en die heterose effek is vername uitgesproke wanneer 'n Bos taurus ras met 'n Bos indicus ras gekruis word, waar dit tot swaarder kallers lei. Inteling, aan die ander kant, lei tot die geboorte van kleiner kallers. Bulkallers is swaarder by geboorte weens die effek van testosteroon wat reeds in die fetus geproduseer word, terwyl die dratyd aan bulkallers ook langer is, wat moontlik ook 'n bydraende faktor kan wees.

Swaarder koeie gee nie slegs geboorte aan swaarder kallers nie, maar ook aan kallers wat relatief swaarder is in verhouding met die koei se gewig by kalwing. Die oorsaak hiervan is onseker, maar die gedagte is dat die fisiologiese onderhoud wat 'n kleiner koei aan haar ongebore kalf kan verleen, die beperkende effek op voorgeboortelike groei het.




Soortegelyk is meerling kallers heelwat kleiner by geboorte, ten spyte van die feit dat aanvanklike fetusontwikkeling teen dieselfde tempo plaasvind. Die geboortegewig van die kalf is ook geassosieër met die ouderdom van die koei, met koeie van 4-5 jaar oud wie se kallers 4-5 kg swaarder weeg as die van verse. Dit kan die gevolg wees van die grootte van die koei, alhoewel dratyd ook toeneem met toenemende ouderdom.

Beperking van energie inname van 'n koei of vers gedurende die tweede en derde trimester van dragtigheid lei tot verlaagde geboortegewig van die kalf. In verse lei dit egter ook tot vertraagde groei en dus ontwikkeling van die pelvis, en daarom het hierdie strategie nie 'n effek op kalwingsgemak in verse nie. Behalwe hiervoor het onlangse bewyse ons geleer dat genetiese programmering van die vrugbaarheids eienskappe van 'n vers reeds in die fetale stadium plaasvind, en kan voedingsbeperkings gedurende dragtigheid lei tot verlaagde lewenslange vrugbaarheidsprestasië van die ongebore verskalf.

Alhoewel die geboortekanaal elipties, en nie reghoekig gevorm is nie, word pelvis area (PA) gerieflikheidshalwe bereken as die hoogte van die pelvis vermenigvuldig met die breedte, soos intern deur 'n veearts gemeet met 'n Rice pelvimeter®.

Foto 1 en 2:
Voorstelling van die interne afmeting van die hoogte en breedte van die geboortekanaal.



'n Nuwe toepassing van pelvis area data om vir kalwingsgemak te selekteer

Alhoewel fetomaternal disproporsie (kalf is te groot en/of pelvis is te klein) die hooforsaak van kalwingsprobleme in verse is, is pelvis area (PA) tot onlangs nie wyd erken as seleksiemetode as gevolg van die relatiewe lae belangrikheid daarvan teenoor kalf geboortegewig, en ook as gevolg van die genetiese korrelasie van PA met kalf geboortegewig. In 'n studie van 484 jaaroud verse in 'n beperkte teelseisoen het ons gekyk na die effek van verskillende toepassings van PA data om vir kalwingsgemak te selekteer.

In die studie het ons geen verse uitgeskot nie, maar alle verse gevolg tot na kalwing om te sien wat die uitkoms van elke vers is. Deur die PA data op verskillende maniere te verwerk is verskillende hipotetiese uitskotte op die data toegepas om te sien watter metode die beste resultate sou lewer. Die metodes wat gevolg was, was 1. Onveranderde PA data (PA), 2. PA aangepas tot 365 dae ouderdom met 'n faktor van 0.27cm²/dag, (APA) 3. PA:gewig verhouding (PA:BW) en PA aangepas tot die gemiddelde liggaamsgewig binne die kontemporêre groep verse

Tabel 1: Die effekte van seleksie van die beste 80% van verse teenoor die wat uitgeskot sou word met verskillende toepassings van pelvis area (PA) afmetings van die verse voor die begin van die eerste dekseisoen.

Toepassing van pelvis area data		N	Gewig (kg) voordekking	Kallersgebore (kalfpersentasie)	Geboorte-probleme	Kalfgeboortegewig (kg)
Pelvis area (PA) onveranderd	Geselekteer	387	309.8**	226 (59%)**	73 (32%)	29.3*
	Uitgeskot	97	277.6**	38 (38%)**	15 (39%)	28.0*
PA aangepasvolgens die ouderdom van elkevers	Geselekteer	389	308.0**	219 (56%)	67 (31%)*	29.2
	Uitgeskot	95	284.3**	45 (47%)	21 (47%)*	28.8
PA:BW verhouding	Geselekteer	385	299.3**	214 (56%)	64 (30%)**	29.2
	Uitgeskot	99	319.3**	50 (50%)	24 (48%)**	28.8
PA aangepasvolgens die gewig van elkevers (binnekontemporêregroepe)	Geselekteer	387	303.4**	219 (57%)*	65 (30%)**	29.3
	Uitgeskot	97	303.6**	45 (46%)*	23 (51%)**	28.7

(BWPA). Tabel 1 wys wat die effek van die verskillende seleksie-metodes sou wees indien elkeen daarvan gebruik was op die groep verse.

Dit is opmerklik dat onveranderde PA data, asook PA data wat volgens die ouderdom van die vers aangepas is na 365dae, nie die gewenste effek gehad het nie. Beide hierdie metodes was effektief om te selekteer vir vrugbare verse, maar die aantal kalwings probleme was net soveel in die geselekteerde as in die uitskot groepe. Met die onveranderde PA data kan 'n mens ook sien hoe die geselekteerde groep verse se kallers swaarder geboortegewigte het, wat dan aanleiding gegee het tot meer kalwingsprobleme. Dit het die voordeel van die groter pelvisse uitgeskakel. In die geval van PA:BW verhouding het dit gelei tot die seleksie van kleiner raam verse, en het dit selfs 'n beter verlaging in kalwingsprobleme in die geselekteerde groep tot gevolg gehad in vergelyking met BWPA.

Dit is uit hierdie studie afgelei dat Pelvis Area data wat aangepas is volgens die massa van die vers ten tye van PA afmetings 'n geldige metode van seleksie is vir kalwingsgemak, sonder dat dit sal lei tot groter of kleiner verse (en uiteindelik groter of kleiner koeie).

Praktiese toepassings van pelvimetrie voor die eerste dekseisoen in verse

Veeartse word dikwels gevra om die potensiaal van vleisbeesverse, en sepsifiek die risiko vir kalwingsprobleme te identifiseer.

Uitskotbeleid behoort in verse toegepas te word sonder dat dit nadelige neue-effekte tot gevolg het, bv om die geboortegewig van kallers, en die raamgrootte van die kudde te affekteer. Ons weet uit ander studies dat daar sekere optimale raamgroottes in sekere omgewings gebruik word.

Dus moet die toepassing (metode) van die gebruik van PA data gekies word om te pas by die bestaande raamgrootte van die betrokke kudde, sodat die optimale raamgrootte behou of bereik kan word dmv hierdie seleksiemetode.

Tabel 2: Praktiesegebruik van verskillende berekeninge van pelvis area data in jong verse om die raamgrootte van die kudde, asook die kalwingsprobleme en vrugbaarheid van die vroulikekudde aan te spreek.

Raamgrootte van die kudde	Verwerkingsmetode vir Pelvis Area data
Klein Medium Groot	PA onveranderd of APA BWPA PA:BW verhouding

Tabel 2 verduidelik hoe dit prakties gedoen word.

In kleinraam diere, waar die boer graag die raamgrootte wil verhoog om sodoende meer produktiewe diere te selekteer, kan onveranderde PA of PA aangepas volgens die ouderdom van die vers gebruik word, wat vir vrugbaarheid sal selekteer, en die raamgrootte sal verhoog. Dit het egter nie 'n hewige impak op die voorkoms van kalwingsprobleme nie.

In grootraam diere waar die boer graag die raamgrootte wil verlaag om sodoende beter aanpasbare diere te selekteer, kan PA:BW gebruik word om hierdie doel te bereik, aangesien dit voorkeur gee aan verse met 'n kleiner raam wat 'n baie lae risiko vir kalwingsprobleme sal hê.

In die geval waar die boer graag die huidige raamgrootte van sy kudde wil bewaar omdat die kudde reeds goed aangepas is by die omgewing, behoort slegs PA wat aangepas is volgens die liggaamsgewig van die jong verse gebruik te word as seleksiemetode, indien die doelstelling is om verse te selekteer met 'n verlaagde risiko vir kalwingsprobleme.





CDH HECKLU



Braunvieh Stud

— passion.craft.optimism —

When what you are chasing is something as elusive as the meaning of perfection itself, optimism becomes the final product. At 9X Braunvieh, we understand that the art of breeding goes way beyond the offspring. It is about the gratification one gets from achieving a goal that is never reachable, empowering us to produce an animal that is better and better through generations to come. That is the ultimate offspring.

Visit us to see bulls available for sale and we just might have an answer for your breeding needs.

9X Braunvieh. *Passion, Craft, Optimism.*


Contact: Geoffrey & Lebo Pororo
Kaduwe Extension Area. Jwaneng, Botswana
Cell: +267 72307818/71371826
Email: 9XBraunvieh@my.com



Bovine Viral Diarrhoea VIRUS

(BVDV)

Dr. B van Houten
& Dr. Chris van Dijk



For every 200 calves entering a feedlot in South Africa, around 1 is a possible carrier of BVDV (bovine viral diarrhoea virus).¹ Such a “persistently infected” (PI) animal can shed several billion-virus particles a day, serving as a reservoir of BVDV in a herd. They shed the virus from all bodily secretions, including faeces.² The frustration is that farmers and veterinarians won’t be able to pick out the PI animals by just looking at them, laboratory tests performed yourself are necessary to make a positive diagnosis of a BVD PI animal. BVDV is present in a large percentage of herds in South Africa, often without the producer even realising it. BVDV is one of the major reasons for the “repeat breeding syndrome” and lost embryos, there are however a number of other reasons but BVDV is one, if not the most important reason why producers cannot get their cows pregnant. If it is only to counteract BVDV, now is the time to introduce a proper structured biosecurity program into your enterprise.

Most veterinarians have probably heard about Type 1 and Type 2 BVDV. These are different genotypes, and within each, there are many different strains of the BVD virus that differ significantly in their ability to cause disease. Type 1 and Type 2 BVD viruses are also divided into Non- cytopathic (NCP) and Cytopathic (CP) strains.³ It does however not matter which type or genotype is prevalent on your farm, if animals are not protected against BVDV they will experience disease, especially upperrespiratory problems, abortions and even mortalities. Proper vaccination, preferably with a modified live vaccine rendering reliable and effective foetal protection, as well as a cross immunity between the types is the first line of defence against BVDV infection.

It's important to understand the different types of syndromes that occur from BVD virus infection.³

Acute BVDV (transient infection) in non-pregnant animals:³
Fever (40°C), depression, decreased milk production, inappetence, rapid breathing, excessive nasal secretion, excessive eye tearing, diarrhoea and immune suppression are typical signs of acute clinical BVD. The animals that are infected in this way stop shedding the virus between 4 – 15 days post infection, and are therefore a much less important reservoir of the virus within a herd than a PI.²

Acute BVD in pregnant animals:³
Show all the above signs as well as, early embryonic death (repeat breeders), abortions, congenital defects and the birth of “poor doer” calves. The most important consequence is the birth of PI calf.

Now where do PI animals come from? A PI animal develops when an unborn calf is exposed to the virus in the mothers uterus (specifically the NCP BVDV strain), between +/- 40 and 120 days of pregnancy. If exposed before 40 days, early embryonic death generally occurs. After 120 days of pregnancy, the calf will not become a PI animal but may abort, or will be born as a poor doer or with some birth defects.



Why is a PI animal important? A PI animal can potentially be around for quite a while in a herd, shedding virus and slowly creating more PI's (Cows exposed to the virus between 40 and 120 days). An important factor is that all of a female PI's offspring will also be PI's.² It is important to remember that a PI animal is the only permanent carrier of BVDV. The PI animal remains infectious for her lifetime (or his lifetime, if it's a bull), constantly serving as a threat to other cattle. BVD virus is shed in the manure, into the air through exhaled droplets and in all body secretions. It can be brought into a herd by a replacement animal or her unborn calf. Fence line contact with neighbouring cattle can also be a route of transmission.

Mucosal disease:³ is an uncommon but highly fatal form of BVD occurring only in persistently infected animals. You can usually see erosive lesions of the nose and mouth, diarrhoea and death occurs within a few days.

The 3 pillars of a BVD protection program are as follows:²

- Optimal vaccination against BVDV
- Keeping a closed herd (Biosecurity)
- Identification of all Permanently Infected animals (PI animals) and culling them immediately

Only by vaccinating animals with a proven and trusted vaccine, can we ensure optimal protection in susceptible animals. **Bovi-Shield® FP4 + L5** provides the essential protection required to aid in the protection against this devastating disease. The FP stands for "foetal protection" against the formation of BVD PI calves, as well as IBR abortions. Protection conferred by inactivated vaccines may be of short duration, and frequent vaccination may be necessary to prevent disease or reproductive failure.³ Modified live vaccines are also generally more cost effective for the farmer.

Bovi-Shield® FP4 + L5 is safe to be used in pregnant animals and calves nursing pregnant cows provided the label indications are strictly adhered to. The label states "**Bovi-Shield® FP4 + L5** may also be administered to calves nursing pregnant cows provided they were vaccinated prior to breeding with **Bovi-Shield® FP4 + L5**" and "Do not use in pregnant cows (abortion can result) unless they were vaccinated prior to breeding with **Bovi-Shield® FP4 + L5**". Remember that the Primary Vaccination of animals requires a booster dose 4 weeks after the first dose, thereafter a single yearly vaccination is required.

The PI animal is a threat to biosecurity when it is purchased and brought into any herd, particularly one that has not been properly vaccinated. It is in such herds that major disasters are suffered. Don't count on being able to pick out a PI animal in a group of cattle, some will fall behind (low average daily gain etc.) but most of them appear clinically normal. The only way to know for sure is to do a blood test or a skin test. Producers who want to expand their herd will want to test incoming animals for BVDV. Isolate all incoming animals from the resident herd for at least 30 days and during this quarantine period test for BVDV.

Positive PI animals should be sent back to the seller or even better cull the PI animal immediately. During the quarantine period all negative animals can be revaccinated. Make sure that the home herd is also properly vaccinated. It should also be noted that on occasion, it's the home herd that has caused BVDV problems in purchased animals, versus the other way around.

As soon as you have identified and culled all the carrier animals, all newborn animals should be observed (preferably tested) to establish if they are possible carrier animals.

Developing a BVDV testing program needs to be done on an individual farm basis and can be quite a difficult task. There are multiple tests that can be performed, each with their positives and negatives, varying in cost and usefulness in field. A peer reviewed paper by Larson (2005)⁴ "Considerations for Bovine Viral Diarrhea (BVD) Testing" can provide guidance and more detail regarding the testing procedures.⁴

CONSULT YOUR VETERINARIAN FOR GUIDANCE IN PROTECTING YOUR HERD FROM BVD.

References:

1. Meiring, T., Prozesky, L., Du Preez, E.R. & Verwoerd, D.J., 2011, 'The diagnosis and prevalence of persistent infection with bovine viral diarrhoea virus in South African feedlot cattle', Onderstepoort Journal of Veterinary Research 78(1), Art. #323, 8 pages. doi: 10.4102/ojvr.78i.1.323
2. R.L. Larson. Bovine Viral Diarrhea (BVD): Review for beef cattle veterinarians. The Bovine practitioner. Vol. 38 No. 1. (2004) 93 – 102.
3. Merck Veterinary Manual. Bovine viral diarrhoea and mucosal disease complex. Last full review/revision August 2014 by Walter Gruenberg, DrMedVet, MS, PhD, DECAR, DECBH. . Accessed on the 6th May 2016
4. R.L. Larson. Considerations for Bovine Viral Diarrhea (BVD) Testing. The Bovine practitioner. Vol. 39 No. 2. (2005) 96 – 100.

Bovi-Shield® FP4 + L5: Reg. No.: G3359 (Act 36/1947). IBR (Infectious bovine rhinotracheitis), BVD (Bovine viral diarrhoea virus), PI3 (Para-influenza 3) & BRSV (Bovine respiratory syncytial virus), plus *Leptospira canicola*, *L. grippotyphosa*, *L. hardjo*, *L. icterohaemorrhagiae* & *L. Pomona*

For full prescribing information refer to the package insert approved by the medicines regulatory authority Zoetis South Africa (Pty) Ltd (Reg. No. 2012/001825 /07). PO Box 783720, Sandton, 2146. Tel: (011) 245 – 3300. 0860 ZOETIS (963847). www.zoetis.co.za





JC Brauvieh

Stoet

"To Him be the Glory"

Andre en Annemarie Reitsma

071 896 1466



Aurora Luigi: SA Brauvieh
Grootkampioenbul 2015 &
Interras Kampioen 2015
Vryburg

andre.kainos@gmail.com

Christopher Norvikus Tinkie:
Koei met die meeste
nageslag geregistreer
(15)



Vergeleke met die res van die bedryf, is ons stoet baie jonk. Vroulike diere is by bekende telers aangekoop, en ons was in 'n besondere bevoorregte posisie om van Pat Wethmar se laaste en beste koeie, te koop.

Dit was moeilik om kwaliteit diere teen markverwante pryse te bekom. Ons stel onself ten doel om bogemiddelde

vrugbare vroulike diere met lae TKP's te teel. Diere wat op 'n vroeë ouderdom aan die mark beskikbaar gestel sal word om sodoende top genetica aan bestaande of nuwe telers, beskikbaar te stel.

Hoe bereik 'n mens die doelwit?

Met baie genade en vertroue op die Here. Ons het die beste beskikbare bulle of saad in Suid Afrika, Namibië, en ook oorsee bekom. Die saad is gebruik om met ons top koeie embryo's te spoel, waaronder CDH0014, Norvikus Tinkie. Sewe bogemiddelde embryo verse is so geteel. Bulle is gekies op grond van beskikbaarheid, en groei- en teelvermoë. Die doel was deurgans om nuwe genetiese na SA te bring.

Lourens en Henriëtte Le Grange, wat op hede die grootste Brauvieh-kudde in Suider-Afrika het, is in Namibië besoek. Hulle gasvryheid en liefde vir hulle diere het ons onmiddellik aangetrek en beïndruk. 'n Veiling van hul stoet is bygewoon waartydens 'n verskeie aankope is.

Saad van Aurora Dollar is tydens Brauvieh SA, se nasionale veiling aangekoop. Verdere onderhandeling het daartoe gelei dat Stefanus Nampo se saad ook bekom is. Die bul, Aurora Luigi, 'n kleinseun van Nampo, is aangekoop. Ons het ook saad van Silverado, wat twee jaar na mekaar Noord Amerika se Grootkampioen bul was, ingevoer.

Stefanus Nampo en Aurora Dollar:

Ten spyte daarvan dat tussen 8 en 15 verskillende bulle, insluitende KI, in 'n dekseisoen gebruik word, is 195 kalwers van Nampo in die Aurora stoet gebore. Verskeie van sy dogters is in die stoet opgeneem, asook van sy seuns. Sy seuns hou steeds die rekord vir die beste verkoopprijs in Suider-Afrika. Dollar is ongelukkig vroeg geslag maar vier van sy seuns het op een veiling N\$268,000, 'n gemiddeld van N\$67,000 bereik.



Aurora Dollar in die veld in sy werksklere



Verskeie van sy dogters is skoukampioene, en word tans in die stoet gebruik. Drie van sy seuns is ook in die Aurora stoet opgeneem. Beide Stefanus Nampo en Aurora Dollar het uitstekend gevaar in die skouring, en is onder andere gekroon as die Windhoek Senior- en Raskampioene. Nampo het verder die onderskeiding behaal dat hy ook die Fase C kompetisie van alle rasse in SA gewen het.

Luigi en Nampo:

Luigi is 'n indrukwekkende bul en was die Braunvieh SA Grootkampioenbul, en ook Vryburg inter-ras kampioenbul in 2015. Ongelukkig is hy dood, maar n stewige groep van sy kallers is gebore, en daar word steeds sterk met hom ge-KI.

AURORA LEO NAMPO NAGESLAG



Kyk waartoe is Nampo instaat.



Feno seun van Nampo.

NAMPO WELKOM TERUG IN SA



Nampo waak oor sy groep koeie op 11jarige ouderdom.

Ons is so bēindruk met Nampo se nageslag dat verskeie navrae oor die aankoop van die bul nou gelei het tot suksesvolle onderhandelings. Nampo word in Januarie 2017 in SA terugverwag.

Baie dankie Lourens en Henriëtte, vir die vertroue wat julle in ons stel om Nampo aan ons te verkoop. Ons sal hom na die beste van ons vermoë oppas en versorg

Lourens (+264811279170) en Henriëtte (+264811249670) kan direk geskakel word vir meer inligting en navrae vir teelmateriaal in Namibië of SA.

Bel my gerus by 0718961466 indien daar belangstelling in ons stoetdiere is.

André & Annemarie Reitsma,
JC Braunvieh stoet.

Promosie-artikel



Dollar Dogters: Aurora Lisa Jnr Kampioen, Ras Kampioen, interras kampioen en Aurora Cindy Reserwe Jnr Kampioen en Reserwe Interras Kampioen

Wayne
Southwood



B E E S

BRUSELLOSE

SIT ONS OP 'N TYDBOM?

Prof Dietmar Holm BVSc, MSc(VetSci), PhD
Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria
dietmar.holm@up.ac.za

Inleiding

Brusellose van beeste is 'n aansteeklike siekte wat veroorsaak word deur die bakterium *Brucella abortus*. Die belangrikste feite van brusellose om te besef, is dat dit 'n staatsbeheerde siekte is weens die potensiële risiko wat dit inhou vir mense en vir produksie effektiwiteit, en die feit dat ons tans in Suid-Afrika te doen het met die grootste uitbreking van brusellose in dekades.

Die verspreiding en gevolg van brusellose in beeste

Brusellose organismes word hoofsaaklik per mond ingeneem, vanwaar dit via die bloed na die limfkliere en sommige organe versprei. Dit kan in limfkliere skuil vir 'n lang tydperk, en wanneer die koei of vers dragtig raak word die organismes in die bloed gemobiliseer vanwaar dit na die dragtige baarmoeder gaan. 'n Spesifieke suiker wat in die vrugwater voorkom verseker dat die baarmoeder die ideale omgewing vir die organismes skep om in te vermeerder. Die fetus word besmet deurdat dit die vrugwater insluk, en die besmetting veroorsaak dan die dood van die fetus met gevolglike abortsie; gewoonlik op 'n gevorderde stadium van dragtigheid. Wanneer die koei met 'n vorige dragtigheid geaborteer het, of wanneer die koei ingeënt was, sal die hoeveelheid organismes in die huidige dragtigheid minder wees weens gedeeltelike immuniteit en sal dit nie noodwendig 'n abortsie tot gevolg hê nie, maar kan 'n normale of 'n verswakte kalf op voltermyn of effens prematuur gebore word. Sulke verskallers word dan dikwels draers wat vir maande lank negatief toets totdat hulle die eerste keer dragtig raak, en hulle skep 'n pertinente probleem om 'n kudde skoon te kry van infeksie. Wanneer 'n besmette koei of vers aborteer of kalf word 'n groot hoeveelheid *Brucella* organismes met die vrugwater en nageboorte uitgeskei, en dien weer as bron van infeksie vir die volgende dier. Jong verse is veral blootgestel weens hulle ondersoekende gedrag; hulle gaan stel ondersoek in tydens die geboorte of abortsie van 'n kuddemaat, en ruik of lek dan aan die fetus of kalf en nageboorte.



Die belang van brusellose

Brusellose van bokke (*Brucella melitensis*) was die eerste wat beskryf was, en veroorsaak die gevreesde Maltakoors in mense. Brusellose van beeste is egter ook 'n soönose (siekte wat van dier na mens oordraagbaar is) met ernstige implikasies in mense. Die oordraging kan plaasvind deur kontak met 'n abortus, pasgebore kalf of nageboorte, met 'n besmette karkas, of deur rou (ongepasteuriseerde) melk van 'n besmette koei te drink. In die moderne samelewing is boere, plaaswerkers, abattoir werkers en veeartse bekende professies wat 'n verhoogde risiko vir brusellose het.

Die effek van inenting en immuniteit teen brusellose

Daar is twee entstowwe teen brusellose beskikbaar, wat beide lewendige, verwakte stamme van die *Brucella abortus* organisme is wat as entstof ontwikkel is. Slegs vroulike diere word geënt, en entstowwe word in 'n gevriesdroogde vorm verkoop wat beteken dat dit ten alle tye koud gehou moet word, en dat dit binne enkele ure nadat dit met water gemeng is gebruik moet word. Die ouer entstof is die Stam 19 entstof (S19) en die nuwer entstof is die RB51 stam. Pogings om dooie (geïnaktiveerde) entstowwe te vervaardig was tot op hede nog nie suksesvol nie, aangesien dit nie 'n sterk genoeg immuunreaksie in die dier tot gevolg het nie.

Entstowwe teen brusellose bied ten beste 'n mate van beskerming teen oorweldigende infeksie, en kan hierdeur 'n belangrike rol speel om die ekonomiese impak van 'n siekteuitbreking (die hoeveelheid aborsies), asook die verspreiding van die siekte binne 'n kudde te beperk. Dit is belangrik om kennis te neem dat geen entstof ten volle teen infeksie beskerm nie, dus word diere wat geënt is steeds besmet, maar die hoeveelheid organismes in die besmetting word beperk, en die gevolge van besmetting is minder dramatiese. Inenting alleen is dus ongelukkig nie die oplossing van die brusellose dilemma nie. Soos baie ander siektes word dit beheer deur 'n kombinasie van dinge reg te doen, en nie deur 'n naald en spuit nie.

Die S19 entstof het 'n baie goeie immuunreaksie tot gevolg, en een enkele inspuiting tussen die ouderdom van 4 en 8 maande het 'n langwerkende beskermende effek tot gevolg. Volgens regulasie moet alle verse met hierdie entstof geënt word. Indien 'n mens kyk na die verkope van die entstof teenoor die grootte van die nasionale beeskudde is dit egter duidelik dat slegs 'n gedeelte van die nasionale kudde die entstof ontvang, wat deel van die rede is waarom ons tans met 'n probleem sit in die land. Die beskikbaarheid van die entstof is soms 'n probleem wat tot gevolg het dat boere moed opgee en uiteindelik permanent ophou om hulle verse te ent, of om oor te skakel na die alternatiewe entstof en die aanname te maak dat dit dieselfde effek sal hê. In Suid-Afrika word die S19 entstof deur Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP), 'n staatsbeheerde maatskappy, vervaardig. Geen ander S19 entstof is hier geregistreer nie, en mag dus nie versprei word nie.

Onlangse hernuwing van die infrastruktuur by OBP se fabriek wat prosesse tydelik gestop het, asook herstrukturering van die verspreidingskanale van die entstof het bygedra tot die onlangse probleme met beskikbaarheid van entstof. Alhoewel die S19 entstof 'n goeie immuniteit tot gevolg het selfs na slegs 1 toediening, is die grootste nadeel daarvan dat dit potensieel kan inmeng met die toetsresultate wanneer diere se bloed getoets word vir teenliggame. Dit gebeur egter slegs wanneer herhaalde inentings (skraagdosisse) of inenting na 8 maande ouderdom toegedien word. Vir hierdie rede het slegs die staatsveearts in beheer van 'n uitbreking die diskresie om diere ouer as 8 maande met S19 te ent.

Die RB51 entstof

Hierdie is 'n nuwer stam van die organisme wat as entstof ontwikkel is, met die grootste voordeel dat dit nie met die toetse inmeng nie. Dit word aanbeveel as addisionele beskerming teen brusellose, veral in besmette kuddes, en nie om die S19 entstof te vervang nie. Verse en koeie kan skraagdosisse van RB51 ontvang wat tot addisionele beskerming kan lei, en op hierdie manier kan die immuniteit van die kudde as 'n geheel verhoog word wat bydra tot die beheer van die siekte. Dit word sterk aanbeveel in hoë risiko areas, wat beteken dat meeste Suid-Afrikaanse beesboere dit op die oomblik behoort te oorweeg.

Boere word gewaarsku dat daar van tyd tot tyd persone in die mark is wat voordoen dat hulle ander entstof produkte kan beskikbaarstel. Hierdie is ongetoetsde produkte waarvan die effektiwiteit, maar meer belangrik dan die veiligheid nie bekend is nie, en boere moet enige sulke aanbiedinge vriendelik van die hand wys en by die naaste staatsveearts gaan rapporteer.

Die nasionale brusellose beheerskema

Hierdie skema, wat gebaseer is op bloedtoetse van alle diere in die kudde, maak voorsiening vir:

1. Die besmette kudde program, vir kuddes waarin diere positief getoets het: Dit word deur die staat uitgevoer en staan onder beheer van die staatsveearts. Die kudde word elke 2 maande getoets totdat alle positiewe diere en hulle verskallers verwyder is, en die kudde val dan 1 jaar later in die onderhoudsprogram in.
2. Die onderhoudsprogram, vir negatiewe kuddes: Dit word aanvanklik deur die staat betaal, en indien alle diere negatief toets by 2 geleenthede word die kudde negatief gesertifiseer deur die staatsveearts. Dit word aanbeveel dat kuddes minstens elke 2 jaar op hierdie program getoets word om hulle negatiewe status te bevestig.
3. Die diagnostiese program, vir individuele diere byvoorbeeld vir uitvoer of individuele diere wat geaborteer het, of vir kuddes waar die eienaars addisionele toetse verlang: Hierdie program word finansiële deur die boer self gedra.



In die geval van melkkuddes word die melkringtoets (MRT) op 'n gereelde basis, bykomend tot bloedtoetse gedoen om sertifisering te ondersteun.

Die rede waarom herhaalde toetse nodig is in die beheer van brusellose, is omdat die aanvanklike toets, vernameam in 'n besmette kudde, nie alle diere korrek kategoriseer nie. Sommige draer diere kan aanvanklik vals negatief toets, terwyl sommige negatiewe diere vals positief kan toets, wat herhaalde toetse noodsaak.

Vals negatiewe toetsresultate

Diere wat onlangs besmet geraak het of wat met die besmetting gebore is maar waarvan die immuunsisteem nog nie genoegsaam gestimuleer is nie kan vir maande lank negatief toets net om later te aborteer en 'n nuwe bron van infeksie te veroorsaak. Hierdie is een van die belangrikste redes wat veroorsaak dat die beheer van brusellose nie 'n eenvoudige proses is nie.

Vals positiewe toetsresultate

Diere wat verkeerdelik met S19 ingeënt is, of wat te kort na inenting getoets word, kan positief toets met die bloedtoetse en kan dus die status van 'n kudde onnodig benadeel, asook verwarring veroorsaak in die beheer van die siekte. Addisionele toetse wat deel vorm van die beheerskema help om meer akkuraat tussen natuurlike infeksie en S19 reaksies te onderskei, maar dit is ongelukkig steeds nie 'n presiese proses nie, en bly afhanklik van interpretasie deur die veearts.

Brusellose is 'n simptome van 'n groter probleem

Vir die afgelope een of twee dekades het 'n kultuur onder sommige boere ontstaan dat ons aanneem dat Suid-Afrika se onvermoeë om brusellose sedert 1995 effektief te beheer iemand anders se probleem is. Hierdie houding kan tot 'n mate verduidelik word deurdat die beskikbaarheid van S19 entstof by tye frustrerend is, en aangesien die vertroue tussen kommersiele boere en die staatsveeartsenydienste tot so 'n lae vlak gedaal het dat sommige boere selfs die toets van hulle kuddes aktief boikot. Dit is hartseer om van soveel boere te hoor wat weens hierdie probleme opgehou het om hulle verse met S19 te ent, en opgehou het om te verseker dat hulle kuddes gereeld getoets word. Solank ons met groot areas van nuwe kuddes, of kuddes met 'n onbekende brusellose status te doen het, sal die siekte aanhou versprei en sal Suid-Afrika sy internasionale kompetensie verder verloor. Aan die ander kant is die staat van mening dat boere moedswillig oneties optree en nie hulle verantwoordelikhede en pligte nakom nie.

Nou word daar natuurlik maklik heen en weer vinger gewys om die verantwoordelikheid en blaam vir ons huidige situasie te probeer wegsuif na die ander party. As onpartydige buitestaande kan 'n mens dus sê dat hierdie 'n siekte van morele verval is, want die morele plig van die juiste mense wat die siekte moet beheer (die staat asook die privaatsektor) word nie nagekom nie.

Wat boere moet doen is eintlik baie eenvoudig:

1. Indien nie reeds in plek nie: Sorg dat die diere in jou kudde behoorlik geïdentifiseer is. Sonder identifikasie kan geen siektebeheerprogram suksesvol deurgevoer word nie.
2. Ent alle verse tussen 4 en 6 maande ouderdom ('n praktiese manier is om dit ongeveer 'n maand voor speen te doen in die geval van vleisbeeste) met die Brucella Stam19 entstof.
3. In 'n hoë risiko area: Ent alle verse weer op ongeveer 8 maande ouderdom met RB51, en dan weer 1 -2 maande voor die eerste dekking. Addisioneel kan koeie 1 maand na kalwing met RB51 geënt word.
4. Dring aan dat jou kudde elke twee jaar volledig getoets word vir brusellose (alle diere ouer as 18 maande), en volg op met die staatsveearts totdat 'n sertifikaat uitgereik word.
5. Weier om enige beeste aan te koop wat uit kuddes kom wat nie behoorlik deur 'n veearts getoets is nie. Onthou dat besmette diere aanvanklik negatief kan toets, en dus is die status van die kudde waar die diere vandaan kom meer betekenisvol as die resultaat van die individuele diere.
5. Dit is 'n goeie praktyk om ingekoopte diere in kwarantyn te hou vir twee maande voordat hulle by die kudde aansluit, en om hulle weer te toets voor die einde van die kwarantyn periode.

Slotsom

In slotsom dus om die vraag te beantwoord: sit ons op 'n tydbom? Wel, as 'n tydbom iets is wat tiek-tok-tiek-tok... boem gaan, sou ek sê nee. Brusellose is eerder 'n broeiende sweer wat aan ons beeskudde se produktiwiteit vreet deur al die aborties en ander verliese wat nie altyd duidelik tasbaar is nie. Indien ons nie almal inspring om brusellose te pak nie, gaan daar waarskynlik geen dramatiese ontploffing wees nie, maar ons beesboere se winsgewendheid, bemerkbaarheid van ons produkte en internasionale status gaan geleidelik verder agteruitgaan.

